Geagte Hoof
en Departementshoof vir Afrikaans

1 Maart 2021

Insake: Voordragkompetisie

ToekomsVonk NPC is ‘n organisasie wat ons mense op verskillende vlakke van die lewe help en een van ons projekte “Afrikaans – Vonk Jou Taal” is van stapel gestuur om die behoud van Afrikaans te ondersteun en vir die bevordering daarvan onder ons jonger geslagte.

Hiermee stel ons dan ons Voordragkompetisie onder hierdie projek bekend aan laerskole en nooi die leerlinge om daaraan deel te neem.
Ons het drie (3) gedigte geïdentifiseer, per kategorie, uit die FAK-sangbundel waaruit die kinders een (1) daarvan kan kies om dan per selfoon video-opname voor te dra en in te stuur na ToekomsVonk.
Die leerlinge het dus kans tot en met die 31ste Mei 2021 om die opnames in te stuur na wesley@toekomsvonk.co.za.

Ons beroep ons dan ook op die bestuur van julle pragtige skool om die leerlinge in te lig van hierdie kompetisie en hulle derhalwe aan te moedig om daaraan deel te neem. Ons sal u samewerking in hierdie verband opreg waardeer. Die leerlinge kan alle inligting, ingesluit die inskrywingsvorm, op ons webtuiste kry by www.toekomsvonk.co.za of hulle kan skryf aan wesley@toekomsvonk.co.za.

Daar is drie kategorieë waaronder die leerlinge deelneem met spesifieke gedigte vir elke kategorie.
Daar sal per kategorie ‘n wenner en naaswenners gekies word. Wenners sal aangekondig word teen die eerste week van Augustus en per e-pos en telefonies ingelig word. In elke kategorie sal die wenner ‘n Goue, Silwer of Brons medalje, asook ‘n sertifikaat verwerf en ook ‘n kontant bedrag soos onder uiteengesit:

Kategorieë:	Gr. 1 tot Gr. 3	Gr. 4 tot Gr. 6	Gr. 7
1ste Plek (Goud)	R300	R350	R450
2de Plek (Silwer)	R200	R250	R350
3de Plek (Brons)	R100	R150	R250

Sien hiermee aangeheg die gedigte vir die verskillende kategorieë, inskrywingsvorm, asook die reëls en regulasies, sou u dit aan die leerlinge wil versprei.

Ons sien uit daarna om ‘n groot hoeveelheid inskrywings te ontvang. Ons vertrou op u hulp om ons jongmense opgewonde en trots te maak op ons pragtige taal en sodoende te help om die toekoms van Afrikaans te verseker.

Vriendelike Groete

Englie Botha
Direkteur: ToekomsVonk
ToekomsVonk NPC Reg Nr.: 2017/408421/08
www.toekomsvonk.co.za